

20 Mei 2012

Hou aan Wandel

Theo Potgieter



## Beweging

### Ez 1: 20 - 24

20 Waar die gees ook heen wou gaan, het hulle gegaan in die rigting wat die gees wou gaan; en die wiele is gelyktydig saam met hulle opgehef, want die gees van die wese was in die wiele. 21 As dié gaan, gaan hulle; en as dié bly staan, staan hulle; en as dié hulle van die grond af ophef, word die wiele gelyktydig saam met hulle opgehef, want die **gees van die wesens was in die wiele.**

## Beweging

### Ez 1: 20 - 24

22 En oor die hoofde van die wesens was iets in die vorm van 'n uitspansel wat blink soos die wonderbare kristal, bo-oor hulle hoofde uitgesprei. 23 En onder die uitspansel heen was hulle vlerke reguit na mekaar uitgestrek; en elkeen het twee gehad wat duskant en anderkant hul liggame bedek het. 24 En as hulle gaan, het ek die geruis van hulle vlerke gehoor soos die geruis van baie waters, soos die stem van die Almagtige—'n gedruis soos die gedreun van 'n leër. As hulle staan, het hulle hul vlerke laat sak.

## Beweging

### Ez 47: 11

Die moerasse en kuile daarvan—hulle sal nie gesond word nie: vir sout is hulle bestem.

## Wandel in -

### Lev 18: 3

Volgens die werke van die land van Egipte waar julle in gewoon het, mag julle nie doen nie; en volgens die werke van die land Kanaän waarheen Ek julle bring, mag julle nie doen nie, en julle mag in **hulle insettinge** nie wandel nie.

## Wandel in -

### Deut 5: 33

In al die **weë wat die HERE** julle God julle beveel het moet julle wandel, sodat julle kan lewe en dit met julle goed kan gaan en julle die dae kan verleng in die land wat julle in besit sal neem.

## Wandel in -

Ps 26: 3

want u goedertierenheid is voor my oë, en ek wandel  
in u waarheid.

## Wandel in -

Ps 26: 11

Maar ék wandel in my opregtheid; verlos my en wees  
my genadig.

## Wandel in -

Ps 86: 11

Leer my, HERE, u weg: ek sal in u  
waarheid wandel; verenig my hart tot  
die vrees van u Naam.

## Wandel in -

Ef 2: 10

Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot  
goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin  
kan wandel.

## Jesus &amp; Dissipels

Mark 1: 17

En Jesus sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal  
maak dat julle vissers van mense word.

## Wandel in - Gees

Gal 5: 25

As ons deur die Gees lewe, laat ons  
ook deur die Gees wandel.

## Wandel in - Gees

### Rom 8: 4

sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, **maar na die Gees.**

## Wandel in - Bevryding

### Jer 6: 16

So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie.

## Wandel in - Bevryding

### Ps 138: 7

As ek te midde van benoudheid wandel, behou U my in die lewe; U steek u hand uit teen die toorn van my vyande, en **u regterhand verlos my.**

## Wandel in - Bevryding

### Ps 23

- 'n Psalm van Dawid. Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.
- 2 Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.
  - 3 Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.
  - 4 **Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee,** ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.

## Wandel in - Bevryding

### Ps 23

5 U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.

6 Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.

## Wandel in - Bevryding

### Ps 18: 2

Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder; my God, my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my rotsvesting.

Hoe weet jy dat jy wandel?

